NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
Posbus 2368
Pretoria 0001
Swaanstraat 129
East Lynne
Pretoria 0186
www.nhka.org

25 September 2025

VAN: Jianni Joubert

AAN: Gemeenteskriba

OMSENDSKRYWE 30/2025

Geagte broers en susters

## AUGUSTUS 2025 LIDMAATTELLING

Ordinansie 2.2 van die Kerkorde bepaal wie beskou word as lidmate van die Kerk. Die 66ste Algemene Kerkvergadering het besluit dat die Augustus-sensusopname verpligtend is. Die rede hiervoor is om die Raad van Finansies te ondersteun vir die 2026/2027 finansiële jaar se Sinodale Offergawes en ander bydrae wat bereken moet word.

Neem asb kennis dat die Augustus 2025 telling nog benodig word ongeag die uitkoms van die beskrywingspunt wat tydens die AKV bespreek sal word.

Die opdatering van gemeente-inligting en lidmaattellings geskied met behulp van die E-Almanak-toepassing. U sal dit in Teams, onder die groep NHKA E-Almanak>>Toepassings>> E-Almanak aantref. Sien asseblief die E-Almanak-intekeninstruksies hierby aangeheg.

Die lidmaattellings wat u op die vorm invul, word gebruik om u gemeente se sinodale offergawes, werkgewerbydrae tot die Pensioenfonds, ensovoorts. vanaf Maart 2026 te bepaal en te verhaal.

Let asb. op die volgende:-

- Lidmaattellings word alleenlik aanlyn voltooi.
- Geen ander vorm van kommunikasie van lidmaattellings word aanvaar nie aangesien die data elektronies verwerk word. Daar is voorsiening gemaak vir die druk van die vorm nadat u dit voltooi het.
- Let asb daarop dat die Openingsyfers is altyd Februarie se eindsyfers en kan nie verander word nie.
- Die lidmaatgetalle wat u terugstuur is die sleutel in die berekening van:-
    - Sinodale offergawes,
    - Barmhartigheidsoffergawes,
    - Werkgewersbydraes ten opsigte van die pensioenfonds
    - Die mediese subsidie aan emeriti.

- U aandag word daarop gevestig dat die Augustus tellings NIE in die 2026 *Almanak* gepubliseer word nie.

- Die sperdatum vir indiening van u Augustus lidmaattelling is 31 Oktober 2024.

- **Neem asb kennis dat indien hierdie inligting nie betyds ontvang is nie, die gegewens van die 2026 *Almanak* se opgawe (Februarie 2025) gebruik gaan word.**

Vir enige IT ondersteuning kontak asb Mnr Wouter van der Merwe (073 960 5305 of 012 322 8885).

Baie dankie vir u dringende aandag aan hierdie belangrike saak.

Groete

Mev Jianni Joubert
IT Afdelingshoof